NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH
Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

1 Maart 2016

Liewe Broers en Susters van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

Ons groet julle in die Naam van ons Koning, Jesus Christus.

Die NG Kerk wil graag langs hierdie weg ons harte oopmaak vir ons broers en susters van die VGK. Ons geskiedenis van trauma, onreg en skeiding veroorsaak immers dat ons dikwels so sukkel om mekaar se harte en gedagtes te hoor.

Die gesprekke tussen die twee moderature van ons kerke se algemene sinodes getuig altyd van hartlike liefde en goedgesindheid. Dit stel ons in staat om indringende vrae aan mekaar te stel, diepgaande saam na te dink oor moeilike kwessies en saam na die wil van die Here te soek. Dit is telkens vir ons ’n verrykende ervaring en ons is dankbaar vir elke sodanige geleentheid.

Ons gesamentlike reis, ook met die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, met die skryf van ’n voorlopige Tussenorde, was vir ons ’n diep geestelike ervaring. Ons het die hand van die Here in die beweging gesien en is aangespreek deur die wyse waarop julle uit innerlike oortuiging deelgeneem het, leiding gegee het en verantwoordelikheid aanvaar het vir die eenheid van die kerk. Ons het baie geleer uit die proses en ons vertroue in die integriteit van die VGK se verbintenis tot die eenheid van die kerk is daardeur bevestig. Ons vertrou dat die Algemene Sinode van die VGKSA in Oktober vanjaar ondersteuning sal verleen aan die Tussenorde en die proses wat dit kan ontsluit.

Soos julle weet, is die NG Kerk steeds aan die dink en werk oor die wyse waarop ons die Belydenis van Belhar deel van ons belydenisgrondslag kan maak. Dit is immers die besluit wat in 2011 deur ons Algemene Sinode geneem is. Ons Kerkorde het ons besluitnemingsproses kompleks gemaak. Om vele redes is die voorgestelde, en goedbedoelde, wysiging van Artikel 1 van ons Kerkorde nie goedgekeur nie.

Vir baie was die keuse vir of teen die voorgestelde Artikel nie ’n keuse vir of teen die belydenisskrif nie. Aan die een kant het mense gestem om mense wat anders as hulle dink te akkommodeer. Ander het weer teen die voorgestelde Artikel 1 gestem, omdat dit nie ’n sterk genoeg keuse vír die Belydenis van Belhar verwoord het nie.

Die Algemene Sinode het intussen aan die samestellende sinodes se reg om self oor belydenisskrifte te besluit, erkenning gegee. Die besluit is ook geneem dat sinodes as sodanig die Belydenis van Belhar kan goedkeur en bely as uitdrukking

van hulle identiteit. Daar is duisende lidmate in die NG Kerk wat die Belydenis van Belhar met hulle hele hart bely en omarm. Die Algemene Sinode het in 2011 besluit om hierdie belydenisskrif op ’n kerkordelike wyse deel van sy belydenisgrondslag te maak.

Die Algemene Sinode van 2015 se besluit dui daarop dat dit steeds vir ons ’n saak van baie groot belang en erns is. Ons verstaan dat die saak, ten regte, baie belangrike implikasies vir ons eenheid met die VGKSA het. Ons gesprek oor die belydenisskrif gaan egter in die eerste plek oor die oortuigings wat dit verwoord. Daar is ongelukkig duisende lidmate in die NG Kerk wat wél die oortuigings wat in hierdie belydenisskrif verwoord word, van harte deel en dit ook uitleef, maar wat egter nie die belydenisskrif as sodanig onderskryf nie. Ons moet altyd weer en weer seker maak wat die redes is waarom hierdie lidmate hierdie posisie inneem. Uiteraard vrees ons dat meerderwaardigheid en vooroordeel ’n rol sal speel in die beoordeling van die status van die belydenisskrif – en wil aanvaar dat sodanige vooroordeel wel ’n rol by sommige lidmate speel.

Die werklikheid is egter ook dat lidmate ook voorbehoude het oor die belang van belydenisskrifte, nie belydenisvorming ken nie, onder misverstande verkeer oor die betekenis van die belydenisskrif (Belhar), “die boeke oor die verlede wil toemaak” en daarom nie verder oor die hartseer tyd van apartheid wil dink nie, meen dat die belydenisskrif tydsgebonde is, dink dat die belydenisskrif net witmense aanspreek, ens. Die Moderamen van die Algemene Sinode het oor die afgelope jare baie moeite gedoen om die Belydenis van Belhar binne die NG Kerk bekend te stel en in perspektief te stel en gaan steeds daarmee voort. Ons skep nou kerkordelike ruimte vir die aanvaarding van die belydenisskrif deur sinodes en hoop dat die betekenis van die belydenisskrif meer en meer erkenning sal geniet.

Die media se verslagdoening oor die herdenking van gebeure vyftig jaar gelede met die sloping van Distrik 6, asook die herdenking van die 1976 Soweto-opstande 40 jaar gelede, maak ons in hierdie dae opnuut sensitief oor die geskiedenis van ons land. Ons besef dat daar bykans geen dorp en stad was waar daar nie op kleiner of groter skaal gedwonge verhuisings plaasgevind het nie. Ons besef opnuut hoe mense verneder en ontheem is en geloofs- en karaktervormende gemeenskappe vernietig is. Ons hoor verhale van gesinne en families wat in die proses verdeel is. Ons is ook bewus van plekke waar kerke moes skuif en die lewe van gemeentes in die proses beëindig is.

Dit is vir ons baie duidelik dat die talle onvertelde en ongedokumenteerde verhale van onreg en trauma op persoonlike en kollektiewe vlak nie bevorderlik vir die genesing van ons land is nie. Té veel mense wou té vinnig die boeke oor die verlede toemaak. Ons verstaan ook dat die bevoorregting en benadeling van mense voortgaande implikasies vir mense en gemeenskappe vandag het. Ons wil ons graag verbind tot ’n proses van luister na hierdie verhale van onreg en ongelykheid. Ons is dankbaar vir die Seisoen van Menswaardigheid wat vir ons prosesse ontwerp wat help om so te kan luister, met eerlikheid en kwesbaarheid, oor grense te luister en mekaar beter te leer ken en te verstaan wat die impak van ons geskiedenis op elkeen van ons is. Ons hoop van harte dat dit ons sal help om op ’n waardige en genesende manier met ons verlede te handel.

Ons wil graag langs hierdie weg weer die NG Kerk se verbintenis tot organiese eenheid van die twee kerke bevestig. Ons het dit al met amptelike besluite gedoen, maar ons wil graag weer aan julle sê dat ons julle nodig het om ’n kerk te wees na God se hart. Deur ons eenheid sal die wêreld weet dat Christus die Here is. Ons verdeeldheid het baie slegte implikasies vir ons getuienis, juis in ’n tyd soos hierdie, waarin agterdog en verdeeldheid so ’n groot rol speel. Verder benodig ons ook julle insigte, kundigheid en vaardighede. Ons benodig ook julle teenwoordigheid op baie plekke, sodat ons saam daar van die liefde van ons God kan getuig. Maar bo alles het ons julle liefde nodig om as heel mense in Suid-Afrika te leef. Ons het ons broers en susters van die VGK se liefde en omarming nou nodig, asook julle diepsinnige begrip vir geregtigheid vir alle mense.

Ons kan getuig dat waar ons saamwerk en mekaar leer ken het, daar soveel toegeneentheid en waardering en liefde is. Daar is by baie van ons leraars en lidmate ’n diepe frustrasie oor ons onvermoë om ons eenheid met julle verder te neem. Ons bly bid dat die Here nou aan ons ’n pad sal wys na ware eenheid.

Ons bid vir julle as kerk die seën van die Here toe. Mag Hy julle gebruik om leiding te neem met die totstandkoming van ’n nuwe gemeenskap van gelowiges wat veel meer kan wees as selfs dit waarvan ons nou kan droom. Mag sy Gees julle versterk en lei wanneer julle in hierdie onstuimige tyd in ons land profeties moet leiding gee en die eise van elke dag moet trotseer. En mag Hy julle ruim gebruik in sy beweging na die wêreld.

Met groot agting en waardering

Nelis Janse van Rensburg
Namens die Moderatuur van die NG Kerk